Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

NUUSBRIEF 16

15 Mei 2017

Geagte Ouers

As gevolg van die kragonderbreking van gister, 15 Mei 2017 stuur ons vandag die amptelike nuusbrief van die week, uit.

GRAAD 1 2018
Ons herinner ouers om hulle Ooreenkomsvorms so gou moontlik in te handig sodat die res van die "Online" funksies deur die skool uitgevoer kan word**. LW: U MOET EERS "ONLINE" REGISTREER.**

GRAAD R 2018
OUERS WAT IN KENNIS gestel is dat hulle aansoek om Graad R vir 2018 goedgekeur is, word versoek om hulle skriftelike aanvaardingskeurstrokie so gou moontlik by die kantoor te kom inhandig. Die geldjie vir 2018 se Bak & Brou (R300) is betaalbaar voor Woensdag, 31 Mei 2017.

SKAAK
Al drie die ligaspanne speel Saterdag, 20 Mei 2017 skaak by Laerskool Pierneef. Elke span speel teen ses skole. Ons wens hulle sterkte toe. Mag die beste span wen.

FOTO'S
Rugby- en netbalfoto's word Donderdag, 18 Mei 2017 geneem. Maak asseblief seker dat spelers hulle sportklere saambring skool toe. Geen leerder gaan toegelaat word om te skakel vir klere nie.

Indien 'n leerder nog nie 'n individuele foto laat neem het nie, kan dit op Donderdag geskied, maar u moet asseblief 'n versoek rig deur 'n nota in u kind se huiswerkgids te skryf.

RUGBY
- Wedstryd Dinsdag, 16 Mei 2017 by Laerskool Villieria.
- Wedstryd Donderdag, 18 Mei 2017 by Midstream College. Maak asseblief seker u seun weet of hy gebruik gaan maak van busvervoer vanaf Midstream College.
- Spelers sal programme ontvang

NETBAL
Die O/10 tot O/13 ligawedstryd teen Laerskool Uniefees word op Donderdag, 18 Mei 2017 by Laerskool Uniefees gespeel. Die dogters sal môre 'n program ontvang.

MINI-NETBAL
Neem asseblief kennis dat die Mini-netbaldag wat by Laerskool Magalieskruin op 18 Mei 2017 sou plaasvind, weens onvoorsiene omstandighede geskuif word na Laerskool Villieria . Die wedstryde vind steeds plaas en dogters sal op 16 Mei 2017 ’n program ontvang. **Daar sal dan geen Mini-netbal of Mandjienetbal oefening op Donderdag, 18 Mei 2017 wees nie.**

REVUE
’n Hartlike dank aan elke leerder wat Saterdag se oefening bygewoon het. Dit het baie goeie resultate opgelewer. Die oudisie vir beide groepe vind Dinsdag, 16 Mei 2017 om 13:00 plaas. Die Juniors sal ongeveer 13:15 klaar wees.

EISTEDDFOD
Die Eisteddfod vind volgende week vanaf 22 tot 25 Mei 2017 by Laerskool Tygerpoort plaas. Maandag, 22 Mei 2017 neem Gr 3 en 4 leerders deel; Dinsdag, 23 Mei 2017 neem Gr 5 en 6 leerders deel; Woensdag, 24 Mei 2017 neem Gr 1 en 2 leerders deel en Donderdag, 25 Mei 2017 neem Gr 7 deel.

SAKKEPROJEK
Die sakkeprojek staan einde se kant toe. Alle sakke wat vandag bestel en betaal is, sal op Woensdag, 17 Mei 2017 aan leerders in skooltyd uitgedeel word.

Vriendelike groete

D P HAASBROEK
HOOF

Kyk asseblief na onderstaande advertensies.

Lee gee alle dansklasse vir ontspanning!

Waar : Laerskool Villieria skoolsaal

Tyd : 18:00 – 19:00

Koste : R200 per maand

Wie? : Dames jonk en oud – geen skoliere

Kontak vir Rhinda by 082 379 1254

Pennesakkie en Kombers Projek



Soos verlede jaar, gaan daar weer in samewerking met die Villieria Polisiestasie, pennesakkies/blikkies met bruikbare skryfbehoeftes asook kombersies (kniekombersies) vir 'n minderbevoorregte skool geskenk word.

Geen van hierdie skryfbehoeftes of komberse gaan huistoe nie, maar gaan in die klaskamers gebruik word.

Kom ons maak almal ons kaste leeg waar ongebruikte skryfbehoeftes rondlê en stuur dit saam met u kind na juf. Otten.

Vra asb. ook vir vriende of familie wat nie kinders in ons skool het, om deel te neem.

Die projek eindig
22 Junie 2017

EDU-HELP

Volledige opsommings met vraestel en antwoordstel van Platinum Handboeke vir Grade 4 tot 7 beskikbaar vir die volgende vakke:

SW (Aardrykskunde & Geskiedenis)
NW
Wiskunde
EBW vir Graad 7

Koste: R150 per vak per kwartaal

Die dokumente sal elektronies aan u gestuur word. Met bestelling moet die volgende inligting asb duidelik deurgegee word: Naam van leerder, skool, graad, taal voorkeur asook epos adres.

Kontak: eduhelp.service@gmail.com (082 4949 039 / 079 317 2832)

==========

Complete summaries with questionnaires and answers of Platinum Textbooks, Grades 4 to 7, available for the following subjects:

SS (Geography & History)
NS
Maths
EMS for Grade 7

Costs: R150 per subject per term

The documents will be sent electronically. Please include the following information with every order: Name of scholar, school, grade, language preference and email address.

Contact: eduhelp.service@gmail.com (082 4949 039 / 079 317 2832)